# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/16) (Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 8 Julie 2016*

***"There comes a point where we need to stop just pulling people out of the river. We need to go upstream and find out why they're falling in" Desmond Tutu.***

## "SPESIALE EKONOMIESE SONES (SEZs)" POTENSIËLE VOORDELE AAN DIE AGRI SEKTOR

Spesiale ekonomiese sones (SEZs) is spesifieke geografiese dele van 'n land wat vir spesifieke ekonomiese aktiwiteite opgesy gesit is, wat deur middel van spesiale reëlings (wat wette kan insluit) geondersteun word en stelsels wat dikwels verskil van dié wat van toepassing is in die res van die land. Die 2014/15 - 2016/17 Nywerheidsbeleid Aksieplan - IPAP identifiseer SEZs as kernbydraes tot ekonomiese ontwikkeling. Hulle is groei enjins tot die regering se strategiese doelwitte van industrialisering, streekontwikkeling en werkskepping. SEZs kan sektor-spesifiek of multi-produk wees en een spesifieke kategorie van SEZs soos per die Sez Wet No. 16 van 2014 gedefinieer is, is 'n "Sektor Ontwikkelingsone". Dit beteken dit is 'n sone wat op die ontwikkeling van 'n spesifieke sektor of bedryf gefokus is deur die fasilitering van algemene of spesifieke industriële infrastruktuur, aansporings, tegniese en sake-dienste hoofsaaklik vir die uitvoermark. Daar is 'n aantal SEZs regoor die land wat geoormerk is om op die ontwikkeling van spesifieke sektore te fokus, sommige van hierdie SEZs fokus direk op die landbou sektor en verspreiding en logistieke dienste. Spesifiek in Limpopo, by Musina en in Mpumalanga by Nkomazi (Komatipoort) is 'n SEZ wat geoormerk is vir landbou verwerking en verspreiding en logistieke dienste. Met dit in gedagte kan jy dink aan die potensiaal van SEZs (soos hierdie en potensieel ander gebiede) om broodnodige ontwikkelings te dryf deur die moontlikheid te voorsien om meer produkte per spoor te skuif, en veral vir die vervoer van sitrus vanuit die binneland na die hawens vir uitvoer.

Fruit South Africa is besig met die ontwikkeling van 'n spoorvervoer-strategie vir die vrugte sektor en dit spesifiseer spesifieke gebiede waar die infrastruktuur nodig is om vrugte te konsolideer vir verdere vervoer na hawens vir uitvoer. Die vestiging van SEZs kan dit moontlik maak, waar spoorinfrastruktuur die hoeksteen van die SEZs stigting kan wees. Een van die belangrikste struikelblokke vir die vestiging van spoorinfrastruktuur is die kapitale koste van die infrastruktuur inaggenome landgebaseerde infrastruktuur en spoorgebaseerde infrastruktuur (fasiliteite, treine en spoorlyne). Sitrus [vrugte] as 'n "standalone" kommoditeit (van seisoenale en onvoorspelbare aard) is nie regtig 'n aantreklike proposisie as 'n "standalone" belegging nie. As SEZs ontwikkel word vir veeldoelige gebruik waarin ander kommoditeitsgroepe gekombineer kan word, kan dit 'n aantreklike proposisie vir belegging in 'n SEZ in 'n spesifieke gebied wees. Bo en behalwe gebiede soos Musina en Nkomazi is daar potensiële ander gebiede soos Marble Hall (potensieel kan die nuwe houer trein direk van Pretoria na Marble Hall gaan), Tzaneen en Polokwane wat in ag geneem kan word vir die vestiging van SEZs vir [sitrus] landbou verwerking en verspreiding en logistieke doeleindes onder andere. Die vrugtebedryf is eintlik by 'n "pinnacle point" en dit is genoem in verskillende regeringsfere, terwyl die meeste van die groot uitvoerdersgroepe in 'n toestand van agteruitgang is, is die vrugte uitvoer sektor in 'n groeifase. Transnet as een voorbeeld, het die probleem besef en is tans besig met groot beleggings in die spoorvervoer en hawedienste afdelings.

Dit is 'n goeie tyd om nou betrokke te raak met die SEZ ontwikkelings in Suid-Afrika en spesifiek in jou provinsie.

## GEPAK EN VERSKEEP

*Neem kennis: Alle data soos aan die einde van die laaste vol week 26. Verskepingsdata van Zimbabwe en Swaziland word nie in hierdie tabel aangedui nie.

| Tot einde Week 26 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 13 m | 13 m | 11.3 m | 9.6 m | 9.1 m | 12.4 m | 12.9 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 6.7 m | 6.2 m | 7.7 m | 5.4 m | 6.7 m | 11.2 m | 11.4 m | 10 m |
| Suurlemoene | 9.1 m | 10 m | 10.8 m | 8.9 m | 9.6 m | 16.1 m | 15.2 m | 15.1 m |
| Nawels | 14.2 m | 12.6 m | 17.6 m | 10.8 m | 14.4 m | 25.1 m | 22.5 m | 24.5 m |
| Valencias | 4.9 m | 4.6 m | 5.6 m | 1.7 m | 2.4 m | 46.4 m | 46.4 m | 52.7 m |
| Totaal | 47.9 m | 46.4 m | 53 m | 36.4 m | 42.2 m | 111.2 m | 108.4 m | 118.4 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**